

Welkom in die Saksers 2 van 2 Gids boeke vir die uitverkore

Voorwoord

Graag wil ek jou bedank vir die belangstelling in die toekomstige Koninkryk van die Gesalfde. Die boek is in traktate op verdeel en saamgestel vir openbaringe vir Sy volk en in die boek lê van die verborgenhede wat Sy volk toekom. Lees en bestudeer die boek met oorgawe om vrug te kan dra, 'sonder om kritiek of afbrekend te wees teenoor die boek'. Die boek is van so aard dat jy kan byvoeg as die Rein Gees van VADER jou daartoe lei. Jy het moontlik ook oor die jare baie vrug bymekaar gemaak, maar weet nie hoe jy dit aan 'n ander broer of suster kan oordra nie; en dit is waar die traktate jou baie gaan help.

Moet asseblief nie die boek veroordeel deur te sê dat dit al weer 'n nuwe geloof of religie is nie. Die boek staan 100% onder die gehoorsaamheid aan YAHUSHUA. Soos ons weet het baie verskillende gelowe hulle ontstaan gekry deur twis en tweedrag (*Ek praat nou eintlik van tweedrag wat uit Paulus se briewe ontstaan het*) en met twis en tweedrag kan daar nie aan die koninkryk gebou word nie.

Ons moet 'n keuse maak, wie oor ons moet heers, daarom die boek as hulpmiddel om ons Heerser uit te ken. 1 Kon. 11:31 ; 12:16.

Hierdie boek is saamgestel met die oog op die koms van die Gesalfde en om ons as volk te motiveer en te leer. Dit is nie net 'n boekie om te lees en dan te bêre nie, maar wel 'n boek om mee te werk en terug te gaan en naslaanwerk te doen of net om te leer. *Matt.24: 14. sê: En hierdie evangelie van die Koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.*

Die verkondiging van die "Koninkryk evangelie" en van YAHUSHUA moet eers plaasvind; en dit moet geskiet oor die hele wêreld (*tussen al twaalf stamme*). YAHUSHUA se heerskappy moet deur Sy volk gepleit word by VADER om vir Hom as Heerser na ons te stuur. Voorbereiding moet ons doen sodat die hele wêreld Sy Lofwaardigheid op die wolke kan aanskou as Hy kom om te kom heers in Sy koninkryk.

Hierdie is die eerste druk van die boek en mag dit veel vrug dra! Lees dit, geniet dit en vrees onse Koning wat die taak aan ons gelaat het.

Welkom by die werkverrigting aan die Koninkryk!

Die goeie keuse wat jy gemaak het gee vir jou nou die geleentheid om in te skakel by die heerskappy se aktiewe weë. Hierdie traktaat gids is slegs saamgestel om jou werk te vergemaklik saam met die goedgunstigheids van VADER. Werk daarmee en voeg by soos die Rein Gees van VADER jou lei. Met die intrede van die werkverrigting in die heerskappy sal jy hulp nodig hê en die boek is daar vir jou bystand om 'n riglyn daar te stel sodat jy altyd daarna kan teruggaan vir informasie. Jy sal sien die boekie is verdeel in eenvoudige samevattinge of traktate oor spesifieke onderwerpe.

Hier is die traktate se name en blad verwysing nommer:

no:	naam	no:	naam
289	Ek is die lig	587	Verootmoediging Ultimatum
294	Boom van die lewe	590	Samevatting
299	Gebed tot ons Koning YHWH	594	Skrif verwysings
303	Gebed in YAHUSHUA	601	Verborgenheid in name
307	Gees van VADER / Gees van SY Seun	604	Bibliografie
313	Onbekende realm		
322	Dié Koninkryk evangelie		
328	Koninkryk		
338	Kom ek vertel jou die waarheid		
346	Getuienis in Waarheid en Wandel		
358	gode van die heidene		
364	Afgode Flankeer		
373	Isébel gees		
378	Bose geeste en Demone		
382	Moses en sy Kusiet		
388	Hoereerders		
393	Rut die Moabiet		
397	Regabiete		
402	Reinheid		
406	Gog en Magog		
413	Laaste tyd Openbaring		
416	Finale Aanslag		
420	Die wegraping 1 Thes		
422	Laaste Dae Swaarkry		
426	Visioene		
432	Hoe moet ons bid		
436	Amein		
440	Geloof		
443	Die huwelik nét vir Israel		
447	Wie was die 12 de apostel		
457	Gelofte		
463	Geskiedenis boek van Israeliëte		
469	Huwelik		
473	Mag vroue hulself versier		
477	Genade of Guns		
481	Ons as mens is YAHUSHUA se voed..		
490	Miljoene jare		
498	Sabbat		
504	Hoekom ek Sabbat hou vanaf 12 uur..		
512	Musiek		
519	Reïnkarnasie		
524	Nuwemaan feeste		
531	Openbaring		
547	Geboorte van Bo		
552	Kalender uit die Skrif		
559	Verdraaiings van die Skrifte		

In die gids boek gebruik ek slegs die "Regte" name

Die regte

Die verkeerde

Teenoor

VADER bly VADER	}	HERE, Here(Baal = verwarring.)
YHWH ; <u>YAHWEH</u> ...Ek is.....		
YHWH..Ewig Lewegewende EEN		
YHWH..Ewig Lewende Een.....		
YAHUSHUA..ons Losser.....	}	Jesus (Griekse godin van genesing en of seun van Zeus)
<u>YAHUSHUA</u> ..Ek is, jou Losser		
Skepper, VADER en SEUN.....		God(minderwaardig, 'n ander god)
Die Rein Gees van VADER.....	}	Heilige Gees ('n volgende persoon)
(Ruach ha Kodesh).....		
Amein (laat dit so wees).....		Amen(Amen - Ra = Songod en of Songod Zeus)

YHWH / YAHUSHUA die Gesalfde is die Seun van VADER. Joh.5:43

Ek is die Lig

Ek is die Lig

Ek begin met 'n staaltjie wat gebeur het in 'n klas, want die onderwerp gaan oor afwesigheid.

As YHWH alles geskape het moes Hy selfs duisternis geskep het, want dit bevat ruimte en plek. Om dit te kan bewys en bepaal moet lig aanwesig wees. Duisternis is dus die afwesigheid van lig. Ons kan lig bestudeer, maar nie duisternis nie. Met Newton se prisma kan wit lig in baie kleure opgebreek word en verskeie golflengtes van elke kleur bestudeer word, wat die teenoorgestelde is van duisternis. Enige eenvoudige ligstraal kan in die wêreld van donkerte inbreek en dit verlig. Duisternis kan slegs gemeet of bepaal word deur die hoeveelheid lig wat teenwoordig is. Donkerte is 'n term wat deur die mens gebruik word om te beskryf wat gebeur as daar geen lig teenwoordig is. Neem bv. boosheid. Boosheid is ook 'n term wat gebruik word weens die afwesigheid van YHWH, wat die Lig is. Boosheid is soos die koue wat kom as daar nie warmte is nie, of die donkerte wat kom as daar nie lig is nie. Iets wat nog nie verstaan of verklaarbaar is nie, verteenwoordig afwesigheid van openbaringe. YHWH het dus ruimte en spasio geskep wat ons ken as duisternis (of donkerte) waarvan Hy lig ingebring het soos in Gen. 1: *Laat daar lig wees, en dit was goed.* Dit is die resultaat wat gebeur wanneer die mens nie YHWH se Liefde in sy hart het nie.

Om die woord Lig te kan verstaan moet ons sy ontstaan en werke naspour. Ons weet dat lig die teenoorgestelde van donker is. Liggewende ligte soos die lamp, lantern, fakkels, kers, flits, sterre en die son is die bron van lig. Dit gee die veronderstelling van lewe, positiwiteit, blydschap, hoop en openbaringe waarvan duisternis die teenoorgestelde is. As jy in iemand se sonlig staan sal hy jou vir jou sê; jy veroorsaak duisternis. Deur lig kan kleur of glans na vore kom, maar daarsonder kan weerkaatsing of selfs 'n skadu afwesig wees; soos bv. as dit nie vir lig was nie kan jy nie foto's neem nie.

Dus weet ons nou dat lig 'n weg het in daardie ruimte van duisternis. Met 'n liggewende bron kan 'n astroloog sy ligstraal of streep bepaal (Sonder die ligbron kan daar natuurlik nie 'n ligstraal wees nie). Volgens die geleerdes is ligsnelheid 29978.4 km/s of dat 'n ligjaar 91 biljoen kilometers ver is. Dit eers daargelaat oor die aan- en afwesigheid van lig.

Nou kom ons by die Ware Ligstraal en Bron in *Ps. 27:1...YHWH is my lig en my redder: Jes. 42:16.... Ek sal die duisternis lig maak voor hulle uit... 45:7 wat die lig formeer en die duisternis skep. 49:6 Ek het U gemaak tot 'n lig van die nasies. Joh. 8:12 : Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê. 9:5 So lank as Ek in die wêreld is, is Ek die lig van die wêreld. 1 Joh. 2:8 En tog skryf ek aan julle 'n nuwe gebod wat waar is in Hom en in julle, want die duisternis gaan verby en die waaragtige lig skyn alreeds.*

Woorde aan Henog

Voordat die sigbare geformeer was, het VADER verskyn en YHWH gegeneer. YHWH was vervuld deur VADER wat die bron van Lig was. YHWH was onsigbaar soos VADER, maar tog het VADER se Lig geskyn. YHWH se begeerte om sigbare dinge te skep moes Hy deur VADER vir Hom 'n fondament skep.

*(Gen. 1:1 In die begin het YHWH die **hemel** Ruimte, spasie en diepte Strong H 8064 = Atmosfeer; universeel; lig; hemel en die aarde geskape).*

Van daar af kon YHWH voortgaan met Sy skeppings doel. YHWH wat wou skep, was met VADER omhul en deurdadig uit Lig (YHWH uit VADER) gebore word, het 'n groot tydperk verskyn. In daardie tydperk het die hele skepping homself vertoon wat YHWH beplan het. YHWH het gesien dat dit goed was. YHWH het vir Homself 'n Troon daarin geplaas, waarvan VADER hoër op gegaan het en Homself daar gevestig het. Hoog bo die Troon en fondament waarvan YHWH se VADER besig is met hoëre dinge en bokant VADER is daar niks.

Daar is net twee keuse wat geneem kan word (Open. 3:16) Positief of negatief. (Die teenoorgestelde) Positieweit beteken lig, uitstraling, skepping, gesondheid, heerskappy, sukses, ens. Om positief te wil wees en so ook om positief te wil bly, moet jy waaksaam wees en kennis dra wat om te doen teenoor negatieweit wat jou wil beïnvloed. Wat belangrik is, is om dit te identifiseer en dadelik te illumineer, of om dit eenvoudig te vermy. Indien dit kulties is, wees streng om dit weg te wys in YAHUSHUA se Naam. As jy op die negatiewe (satan) konsentreer wat strydend is, word dit groter en sterker, want dit manifesteer vrees en stres. Vrees manifesteer negatieweit en skenk siekte (1 Joh. 4:18). Selfs aanhoudende treur oor 'n geliefde breek die liggaam af. (Matt. 8:22) Meeste van dit wat rondom jou manifesteer is jou eie skuld. Wees waaksaam teenoor dit wat jou wil beïnvloed. Waak teen jou eie gedagte wêreld, (eie ek), want selfs emosie kan 'n groot vyand wees (skuld gevoel, kwaad en frustrasie).

Begin met 'n innerlike ondersoek of jy werklik met positieweit besig is. Is YAHUSHUA daar op Sy troon, en glo jy dat Hy daar is? Wat jou te doen staan is, fokus op die Lig (YAHUSHUA) binne in jou, want dit is waar die Lewe tog is. Met YAHUSHUA in heerskappy gaan genesing en herstel intree, self ontvangs van aardse goed kan manifesteer (Mal. 3:10). Wees dankbaar vanaf jou ontstaan in die môre en gedurende die dag wat jy vir die VADER kan doen. Moenie net dink aan wat Hy vir jou kan doen nie, maar jy vir Hom! Vra VADER vir dit wat jy wil hê en hoekom jy dit wil hê, skryf dit neer. Moet dit wat jy vra, nie herhaal nie. Verwag 'n antwoord van VADER, al wat dit tyd. Rig jou lewe klaar in om dit wat jy gevra het te ontvang. Sê dankie vir dit wat jy ook al ontvang en wees dankbaar in dit wat jy nou kan wees.

(Jou omstandighede is gewoonlik jou eie skepping en wat onthou moet word is die omstandigheid waarin jy nou in is, het sy ontstaan in die verlede gekry, maar dit wat jy gaan wees in die toekoms, begin nou). Wees opmerkzaam en blok negatieweit en laat die Skepper jou realiteit wees. Moenie wag of aarsel gedurende die dag om positieweit aan te gryp nie.

Jou volle aandag is van groot belang om in lyn te kom met verwagtinge dat begeerte kan manifesteer om daardie doel van heerskappy met innerlike vorming van liefde en positiwiteit (YAHUSHUA). Fokus op dit wat jy wil hê (YAHUSHUA). Besef wat besig is om te manifesteer om jou (satan, siektes, skuld, dood, ens.) en laat die manifestasie (YAHUSHUA gesondheid, sukses, lewe, ens) positief wees. Groei en hou vas aan daardie leerproses (Dissipelskap). Hou jou geestelike oë oop. As negatiewe gedagtes wil manifesteer dink onmiddellik aan enigiets wat jou positief kan hou. Jou innerlike gevoel moet altyd goed voel of positief wees. Geniet en voel goed met YAHUSHUA in jou en laat toe dat ander dit saam met jou kan geniet. Wees tevrede in dit wat jy aanpak in jou lewe, anders vermy dit.

Samevattend oor positiwiteit. (LIG) Eerstens 'n vraag: Hoekom mag ons nie bloed eet nie? Want daar is lewe in die bloed! Lev. 7:26; 17:11 Bo-en-behalwe die lewe het YHWH ons Skepper, Sy Gees in en oor ons geblaas, Mal. 14,15; Joh. 20:22 m.a.w. buiten die lewe het ons 'n Gees ontvang wat ander nie ontvang het nie. Die Gees is daardie atoom of energie (LIG) wat binne-in elke bloedsel van die uitverkore teenwoordig is. Doen gerus navorsing en hoor dat slegs die blanke Adamiet 'n blou Aura (ligglans) uitstraal. Daardie uitstraling kom uit die bloed deur die vel. YAHUSHUA sê Ek is die Lewe, Ek is die Lig en daarom die koningsblou wat ons uitstraal. Met jaloesie begeer die wêreld daardie glans en daarom die uitmoording van die wit Adamitiese ras op aarde. Joh. 17: 9–17 YAHUSHUA sê dat Hy vlees en bloed deelagtig is en dat Hy die brood is wat versadig Joh. 6:26, 35, 55; Open. 2:7,17 en so ook dat Hy die Lewende water is. Joh. 3:5 Hy sê dit is My bloed en dit is my vlees Matt. 26–28, m.a.w. ons is Sy bloed en ons is Sy vlees, Hy verwys direk na ons as kinders van VADER in die hoogste hemele.

Dit wat ek jou deurgee, is 'n verborgenheid; en die openbaringe lê in die 10 gebooie. Leer dit met 'n begeerte in gebed sodat openbaring vir jou kan intree. Sodat die blou konings glans uit jou kan uitstraal.

Om terug te kom tot Lig. VADER het YHWH (Lig uit Lig) na vore gebring, waarvan VADER se Lig "YHWH" die Aarde geskep het en kinders vir VADER geskape het. YHWH as YAHUSHUA, het altyd kontak gehad met VADER tot op die dag toe YHWH - SHUA gesterf het aan die folterpaal.

Weens wetsoortreding het daardie kontak gebreek, tussen VADER en Seun, en daarbenewens het YAHUSHUA se hart gaan staan. VADER wat die bron van LIG is het YAHUSHUA s'n afgeskakel en daarom die laaste woorde van YAHUSHUA: Eli, Eli, lama sabagtáni (*My VADER My VADER waarom verlaat U My*).

As ons die son en die sterre in vergelyking bring sal die openbaring maklik na vore tree (*Die twee ligte van Gen. 1:16*). Daar is niks op aarde wat sonder die son of sterre kan bestaan nie. Geen plant, dier, insek of mens nie. Die sterkste infrarooi kamera kan nie in die nag sien as daar nie 'n bron van lig is nie. Alle lewende wesens wat in die nag beweeg het lig nodig om te kan sien.

Dit wat onder in die aarde lewe, lewe van dit wat op die aarde groei wat sonlig nodig het om bv. wortels te voorsien, so indirek is hulle ook afhanklik van die son. Kyk na die blomme en die blare van bome hoe hulle die son volg om energie te kry. Kyk na die koudbloedige wesens hoe hulle die son geniet en so ook maar alle lewe op aarde. Die son is die bron van die lig wat uit hom straal. Die son is nie lig nie, want as jy die son se vuur op hom kon blus sal geen lig van hom kom nie. As jy die batterye uit die flits haal, hoe kan hy lig uitstraal. So kan ons lamp, lantern, fakkel, kers ens. vat wat die bron is, maar nie die ligstraal nie.

Soos die boonste Skrif verwysings uitwys wie die Lig is kan ons nou saamvat, nl. dat VADER die LIG en Skepper is van "Lig", wat YHWH Sy Seun is.

Joh. 8:12; 9:5 As YAHUSHUA nie alomteenwoordig is nie sal ons as mens vergaan. As Hy nie daar is nie, is satan se duisternis daar waar geen lewe voort kan spruit nie. (*Soos bo uitgewys van die blou glans*). Lewe lê in YAHUSHUA, waarvan Hy dit vir ons skenk. As VADER se Hand (YAHUSHUA) nie daar is nie, kom die demone van satan en bring siektes, pes en dood in. Lees gerus die verwysings: *Joh. 3:21 Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in VADER gedoen is. Joh. 12:36 So lank as julle die lig het, glo in die lig, sodat julle kinders van die lig kan wees.*

Deur daardie Lig kom gewaarwording in. *Jes. 58:8 Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die lofwaardigheid van YHWH jou agterhoede wees. My vertroosting lê in: Open. 21:23 En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die Lofwaardigheid van VADER het hom verlig, en die Lam is sy lamp.*

Dié boom van die Lewe

Is die boom van die lewe, YAHUSHUA ?

Gen.2:9 En YHWH het allerhande bome uit die grond laat uitspruit, begeerlik om te sien en goed om van te eet; ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van die kennis van goed en kwaad.(Alles wat YHWH gemaak of geskape het was goed, Gen.1:31, m.a.w. tot Lucifer wat gekoppel word aan die boom van kennis, was goed. Wat ook gesien kan word is dat beide die bome uit of van die aarde moes gewees het, want YHWH sê: alle bome). *Gen.3:22 Toe sê YHWH : Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken. As hy nou maar nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en lewe in ewigheid nie!* *Gen.3:22 ... lest he put forth his hand, and take also of the tree of life, and eat, and live forever:(YHWH spreek tot VADER "Mede Skepper" en erken dat Sy skepels oortree het deur om van die verkeerde boom te ontvang wat Hy hulle oor gewaarsku het. Hy noem ook dat hy wil hê dat hulle van die boom van lewe ook moet ontvang)* *Gen.3:24 So het Hy dan die mens weggedrywe en gerubs aan die oostekant van die tuin van Eden laat woon, met die swaard wat vlam en flikker, om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak.* *Gen.3:24..and a flaming sword which turned every way, to keep the way of the tree of life.*(Die mens is uit die tuin van Eden op YHWH se bevel, nie dat hulle nie van die boom van die lewe mag eet of ontvang nie! Lees mooi, dat die toegang tot die boom bewaak word, m.a.w. die toegang word suiwer gehou deur die swaard tot toegang. Nie enige een kan tot die boom van lewe kom nie, maar slegs die wat YHWH toelaat, daarom die swaard. "Slegs die uitverkorenes". *Open.2:7 staan: Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes (Uitverkorenes) sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek (YHWH) gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van VADER is.* *Open.22:2 In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies.* (Om die Paradys is sy rivier waarvan daar 'n hoofweg is na die boom van lewe wat tot genesing is). *Open.22:14 Tot redding is die wat Sy gebooi doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.* (Die wat YHWH se Gebooi doen, m.a.w. kry eers jou prioriteite reg en kom deur YAHUSHUA na die boom van die lewe. Erken YAHUSHUA, en doen Sy wil, sodat Hy jou die reg tot die vrug van die boom, deur die stadspoort kan skenk). *Open. 22:19 En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal VADER sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die reine stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.*

Open.22:19 And if anyone cancels or takes away from the statements of the book of this prophecy, FATHER will cancel and take away from him his share in the tree of life and in the city of holiness which are described and promised in this book. (In die boek van die lewe is dit geskrywe dat ons wel toegang het tot die boom van die lewe).

Wat nou vir my interessant is, is dat die boom van die lewe voortdurend in klein letters geskryf word. Dit skep die indruk dat dit minderwaardig is, maar tog noodsaaklik. As ons nie by die boom uitkom nie is ons nog nie in die Paradys nie, m.a.w. wanneer ons met YHWH weer gaan trou en in die Paradys met Hom wandel sal ons reg hê tot die boom van lewe. Tog sê die Skrif dat al die weë na die boom suiwer gehou word sodat die duisternis dit nie kan verduister nie.

Ons voorvaders moes ook gedeeltelik daarvan bewus gewees het; hulle het ongelukkig net 'n mis persepsie daarvan gehad. Hulle het bv. heilige pale en pilare langs YHWH se altare geplant. *Deut.16:21* Moses het op sy beurt, met bevel van YHWH, ook die paal van die lewe geneem en 'n slang daaraan gehang en die wat daarna gekyk het, het gesond geword. Ongelukkig het die volk nie opgehou om te kyk nie, want hulle het gedink dat dit die weg is. Dokters en ander gesond makers het ook die simbool, wat 'n universele simbool geword het, misbruik om die volk te mislei.

Met versigtig wil ek ook YAHUSHUA inbring. In die meeste Skrifte noem en skryf hulle dat YAHUSHUA aan 'n kruis gehang het en ons weet dat Hy wel aan 'n boomstomp of 'n boom paal gehang het. (Die Gesalfde het gesterf aan 'n enkel paal of boomstomp en nie aan 'n gekruiste hout nie. Lees gerus in die King James, *Hand.13:29; 10:39; 5:30; Gal.3:13; 1Pet.2:24* Folterpaal was gebruik om die mens te folter m.a.w. te slaan en seer te maak. Die sodanige kruishout stel die vier windrigtings; die Zodiac kruis wat in die astrologie gebruik word; 'n T vir die afgod Tammus wat die seun van Nimrod is; die vertikale streep of hout stel die manlike voor en die horisontale die vroulike voor, ens.) Die boom van die lewe wat weereens misbruik was deur die teenparty het die boom 'n vloekhout gemaak. Die boom van die lewe wat nie eens 'n boom was nie het 'n simboliese boom geword deur okkultisme. 'n Boom of paal is tog 'n simbool van dood, weens geen takke of blare aan nie. Is dit dalk hoekom hulle YAHUSHUA daaraan gehang het wat die Lewe is. Hulle het Hom gemartel en vasgemaak aan die aanbidding idool. So kan ons baie pale of bome uit die Skif haal wat terug herlei kan word deur aanbidding van die volk na die boom van die lewe.

As ons na Elia kyk het hy presies geweet waar die volk se hunkering was en dat hy dit dadelik aanspreek in: *1 Kon.18:21 En Elia het nader gekom na die hele volk en gesê: Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As YHWH Opperhoof is, volg Hom na; en as Baäl dit is, volg hom na! Maar die volk het hom niks geantwoord nie.* Hy praat met hulle omrede hulle een Heerser gedagte het, maar twee deure. *Eseg.43:8*

Baal het Asjera gebruik wat die boom en die krullende slang om haar gehad het tot die lewe, maar tog was die boom van lewe 'n skepping van YHWH in die tuin van Eden, m.a.w. die boom van lewe het YHWH nodig en nie andersom nie. Die Seun van VADER is die beginpunt en die boom van die lewe is deel van Sy wyse plan met ons. Hulle het ook die boom vervroulik, omrede dit lewe moes baar of voortbring.

YHWH was ontsettend kwaad vir hulle wanbegrip en afbeelding van wat Hy hulle oor gewaarsku het; soos gelees kan word in: *Miga.5:13 En Ek sal uit jou midde uitruk jou heilige boomstamme....Ex.34:13 Maar hulle altare moet julle omgooi en hulle klippilare verbrysel en hulle heilige boomstamme afkap. Deut.16:21 Jy mag vir jou nie 'n heilige boomstam of enige boom plant langs die altaar van YHWH jou Opperhoof.... Deut.7:5; Rug. 6:28; Jer.11:19; ens.*

Kom ons kyk na die vrug van die boom. In *Spr.11:30* staan: *Die vrug van die regverdige is 'n boom van die lewe, en hy wat siele win, is wys.*

Joh.4:36 En hy wat maai, ontvang loon en vergader vrug vir die ewige lewe, sodat die saaier en die maaier saam bly kan wees.

Luk 8:14 En wat in die dorings geval het—dit is die wat gehoor het, en hulle gaan weg en word verstik deur die sorges en rykdom en genietinge van die lewe en dra geen ryp vrug nie. (2 Pet.1:3)

YHWH het aan Adam in die tuin van Eden gesê dat hy slegs van die een boom nie mag eet nie, m.a.w. hy kon van al die ander eet en dit sluit ook die boom van die lewe in. Vir om en by 100 jaar maak hy toe gebruik van die boom van die lewe, en deur sy gehoorsaamheid, ontvang hy die loon daarvoor. (Saaier= YHWH en maaier= Adam Joh.4:36). Tugtiging het ingetree vanaf Eva, weens ongehoorsaamheid. Hulle is uit die tuin gestuur, weg van die boom van die lewe, nie dat hulle nie meer toegang tot die boom het nie. Hulle en hul nageslag moet nou eers toestemming ontvang om van die boom te eet. Hulle gaan nou getugtig word in die leerproses op aarde en moet nou hard werk om die vrug te verdien.

Kom ons kyk nou na die trooster in die Skrif. *Pred.4:1 Daarna weer het ek gesien al die verdrukkinge wat onder die son plaasvind, en kyk, daar was trane van verdruktes, en vir hulle was daar geen trooster nie; en aan die kant van hulle verdruktes was mag, maar daar was vir hulle geen trooster nie. (Deur onkunde en ongehoorsaamheid was die boom nie beskikbaar nie)*

Klaag.1:1 sê: Ag, hoe verlate sit die stad (Sion)....16 Daarom ween ek, my oog, my oog loop af in water, want ver van my is die trooster wat my verkwik; my kinders is verbyster, omdat die vyand die oorhand het.: (lees gerus die hele hoofstuk van Klaag.1) satan het vir baie jare hard gewerk om ons in die duister te hou oor die boom van die lewe, daarom die geklaag.

Kom ons gee nou perspektief oor die ondersoek. YHWH sê: Laat daar wees, en dit was so. Adam wat eers later geskape was (m.a.w. na die "bome") het die voorreg gehad om van die boom van die lewe te geniet. Deur wetsoortreding het die vrye toegang tot die boom beperk geraak vir hom en sy nageslag. Let ook op dat die boom slegs aan Adam en Eva (en sy nageslag) beskikbaar was en nie vir die ander skepsels buite die tuin nie, want die boom was {en is nog steeds} in die Paradys.

My erkenning en doelstelling kom uit *Joh.14:6*. YAHUSHUA antwoord hom: *Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die VADER behalwe deur my nie.* YAHUSHUA die weg, YAHUSHUA die waarheid en YAHUSHUA die lewe, m.a.w. YHWH (YAHUSHUA) kom in Gen. as die lewe en skape alles wat ons ken en van weet, wat die boom van Hom (wat lewe is) insluit. Die Lewe (YHWH) het 'n boom geskep, waarvan Hy Adam toestemming gegee het om van te eet. Die boom was nie die lewe nie maar net 'n skepping van YHWH. Die boom het alles ontvang van YHWH oor die heelal, oor die ontstaan van alle dinge, oor heerskappy in VADER se Koninkryk en alles wat die mens moes weet en leer. Die boom wat aan die "lewe" behoort is nie die lewe nie, maar behoort aan Hom. Nou verstaan ons beter as ons sê: die boom "van" die lewe. YAHUSHUA sê: Ek is die weg tot die boom, Ek is die waarheid wat jy ontvang by die boom, Ek is die lewende brood aan daardie boom en deur daardie lewensbrood sal jy die ewige lewe kan beërwe en ingaan in VADER se koninkryk.

Ter afsluiting. Wie of wat die boom is, is nie saaklik nie, maar die vrug van die boom. Die boom is YHWH s'n wat 'n taak ontvang het soos die engele in Openbaring. Hy is die trooster wat YAHUSHUA gestuur het wat in bewaring was in die tuin van Eden en nou weereens vrylik tot ons beskikking is.

Ek verbly my in die wat kan verstaan en graag van daardie vrug wil eet.
Joh.6:31 – 58

Halleluja!!

Gebed tot ons Koning

Die gebed

O, YHWH, Opperhoof van die hemele, grote en gedugte Heerser, wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat U liefhet en U gebooie onderhou. In verootmoediging bring ons U eens uitverkore volk voor U; laat U oor tog opmerkzaam en U oë oop wees, om te luister na die gebede van U volk wat vandag voor U aangesig deur die geloof 'n gebed plaas; ja, die Israel – volk, die verstrooide volk anderkant die riviere van Kus; Suid Afrika, U knegte, o YHWH. So het ek en my familie ook gruwelik teen U gerebelleer. Ons het baie verkeerd gehandel teenoor U, en ons het die gebooie en insettinge en verordeninge wat U aan Moses, U kneg, beveel het, nie gehou nie. Ons het U aangesien en verkleineer as 'n “drie enige Magtige” en weet dit was verkeerd, want U is Twee. “Die Oue van Dae en Sy Seun” die Magtige Een. Ons het U in Baal name aangespreek en weet nou dat dit U toornig maak, ons voorvaders wou 'n aardse heerser gehad het soos die heidene en dit het U ontstig. Ons het tot daardie oortredings besef gekom; dink tog aan die woord wat U aan Moses, U kneg, beveel het, naamlik: As julle ontrou is, sal Ek julle onder die volke verstrooi; maar as julle jul tot My bekeer en My gebooie onderhou en dit doen—al was julle verjaagdes aan die einde van die hemel, dan sal Ek hulle daarvandaan versamel en hulle bring na die plek wat Ek verkies het om My Naam daar te laat woon.

Ons is skuldig aan oortredinge, ons het gruwelik oortree, verkeerd gedoen, boos gehandel, in opstand gekom, van U Gebooie en Verordeninge afgewyk. Ons was halsstarrig en nie geluister na U knegte wat in U Naam gespreek het tot ons en ons vaders en tot die hele volk van die land nie. Aan U, o VADER, kom die eer en geregtigheid toe, **maar aan ons beskaming van die aangesig soos dit vandag is**; Ja die wat naby en die wat ver is in al die lande waarheen U hulle verdryf het, oor hulle ontrouheid wat hulle teen U begaan het. VADER aan ons kom toe beskaming van die aangesig, aan ons owerstes en aan ons vaders, omdat ons U Wette geminag het. Ons vra met smeking o VADER, dat U, U Seun wie U spoedig as Regter, Heerser en Koning op hierdie aarde moet kom vestig. Want by U, VADER, onse VADER, is barmhartigheid en vergewing, want ons het teen U en U Seun opgestaan en na die stem van YAHUSHUA, U Gesalfde, onse Almagtige Heerser, nie geluister om te wandel in U wette wat U ons deur die diens van U knegte, die profete, voorgehou het nie. Maar die hele Israel het U Wet oortree en afgewyk deurdat hulle nie na U stem geluister het nie. Hulle het 'n aardse heersers gesoek en U teleurgestel; daarom is die vloek en die eed om te vernietig oor ons uitgestort wat geskrywe is in die wet van Moses, U kneg.

Ons het teen U, o VADER, en U Seun YAHUSHUA wetsoortreders geword. Daarom soos in die Wet van Moses geskrywe is—al hierdie ongunstighede het oor ons gekom en ons het die aangesig van U, o VADER, en onse Opperhoof nie om U guns gesmeek deur ons te bekeer van ons ongeregtighede en wetteloosheid nie, ja nie ag te gee op U waarheid nie. Met diepe ootmoed staan ons voor U, o VADER, met smeekgebed dat U, U Seun sal toelaat dat Hy Sy ereplek sal kom inneem; dat YAHUSHUA dié Gesalfde sal terugkom as YHWH ons Koning en ewiglik sal kom heers en dat Hy op Sy Troon kan kom sit om oor ons te kan kom regeer.

U was wakker oor die onreinheid, om dit oor ons te bring; U onse VADER is regverdig by al U werke wat U doen, maar ons het nie na YAHUSHUA se stem geluister nie.

O VADER, grote Majesteit, ons smeeke en pleit by U om ons gebed te verhoor; laat vir U 'n nageslag in hierdie deel van Suiderland, moet tog nie al die geroepe Israëliete, U uitverkore, vernietig en die stuk aarde wat U aan hulle toegestaan het, sonder inwoners nie. O VADER, laat tog volgens al U geregtigheid, U toorn, en U grimmigheid versag van hierdie land en diegene van U gewyde, afgesonderde volk, wat tot erkenning van oortredinge van ons vaders ingesien het.

U volk in die Suiderland het 'n voorwerp van versmading en veragting vir die wêreld geword. Die teenstanders verbly hulle in ons smaad, hulle vra: Waar is jou "sogenaamde Magtige Heerser" wat sal help? Merk tog op dat satan's werkers en handlangers ons wil vernietig! Daarom hoor dan nou, onse VADER, na die gebede van U knegte en na hulle smeking, en laat ter wille van YAHUSHUA U aangesig skyn oor U gewyde afgesonderdes, wie hulle bekeer en verootmoedig.

O VADER hoor en neig U oor ons belydenis en open U oë en aanskou ons verwoeste plekke en al die baie moorde, verkragtings en die wetteloosheid; die land waar U ongehoorsame volk woon, die volk vir wie U asseblief weer U Naam moet uitroep; want nie op grond van ons geregtigheid werp ons, ons smeking voor U aangesig neer nie, maar op grond van U grote Naam wie ons geminag het. O YAHUSHUA ons Meester, U het U VADER se woord kom deurgee, en ook het ons dit deur die eeue geminag, daarom het U ons aan 'n slegte gesindheid oorgegee sodat die wêreld U uitverkorenes gehaat en uitgemoor het. Maar dink daaraan dat dit U wil was dat U volk nie aan die wêreld verbonde of gelyk moes wees nie, maar dat U na U VADER heengegaan het om vir die getroues 'n plek in Sy hemel te berei, want U self gesê het: In die huis van My VADER is daar baie wonings. Daarom kom ons in verootmoediging en pleit in smeking vandag voor U, o VADER, en is namens U volk op ons knieë.

Ons is in nood daarom met groot begeerte smeeek ons dat U ons gebed sal verhoor; daarom VADER hoor, VADER vergeef! VADER, merk op en doen dit;

O VADER vertoef tog nie om U grote Naam ontwil. U Seun is dié Magtige Opperhoof, VADER, wat moet kom in U Naam "YHWH" ons regeerder. U grote Naam wat ons geminag het, was tog oor U volk uitgeroep.

Kom YHWH Ewig – Lewende Magtige Heerser en werp die aards heersers met hulle trone in die buitenste duisternis. Ons soek nie meer aardse leiers nie, maar U, o Seun van die Allerhoogste"

'n Uitroep na U o mees Getroue, Gewyde, Majestueuse, Magtige, Liefdevolle, Barmhartige, Regverdige en Ewig – lewende

Amein ja Amein ! Halleluja !!

Mag YHWH in Sy guns jou raaksien sodat jy deel kan wees van die 144 000 verseëldes.

Skrif gedeeltes ter staving van gebed.

Thank You for previewing this eBook

You can read the full version of this eBook in different formats:

- HTML (Free /Available to everyone)
- PDF / TXT (Available to V.I.P. members. Free Standard members can access up to 5 PDF/TXT eBooks per month each month)
- Epub & Mobipocket (Exclusive to V.I.P. members)

To download this full book, simply select the format you desire below

